# 13 Maart 2024 - Lesing 260 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die einddoel is die eenwording met God - 2/2/62

**NO: 8093** Dit is die voltooiing van alle dinge, dat hulle met My verbonde sal wees. Want alles wat bestaan, alles wat vir julle mense sigbaar is, van die hardste materie tot en met die mens, - dit alles is deur My eens uitgestraalde Krag, **tot skeppinge en wesens gevorm volgens My Wil.**

Die wesens het hulleself egter van My verwyder, - van die Oerbron van Krag - en daardeur word hulle **onbekwaam tot enige eie werksaamheid**, omdat My krag nou by hul ontbreek. En hierdie kragtelose wesens was daarom weer deur My **omvorm tot nuwe skeppinge van die mees uiteenlopende aard**.

Dog dra al hierdie skeppinge nou ook nog die geestelike wat van My afgeval het, in hulleself en – **help hulle langsaam tot voltooiing**. En ook die materie self gaan hierdie ontwikkelingsgang in die positiewe sin, - **dus streef alles na voltooiing**.

Die voltooiing waarborg egter al die wesens weer die aaneensluiting met My, hul God en Skepper van ewigheid. En so keer die Krag wat van My uitgegaan het, dus weer na die Oerbron van Krag terug, **al die wesens verenig hulleself weer met My** en vind in hierdie vereniging hul hoogste geluksaligheid.

En wie van die proses, wat al ewighede duur, op hoogte is, - wie in My heilsplan van ewigheid ingewy is, die staan ook al naby sy voltooiing, omdat hierdie kennis **al ‘n aanstraling van die Lig van My Liefde bewys,** wat eens in vrye wil deur die wesens afgewys was.

In die toestand van **totale onvolmaaktheid, in die toestand van verwydering van My**, kan die ek-bewuste wese - die mens, nog niks van die lig van insig waarneem nie, want eers deur My aanstraling ontvang hy die lig en die aanstraling kan ‘n mens slegs bereik **wanneer hy sy hart vrywillig open**, dus om die lig uit My te begeer. En om sy hart te open, vereis eers weer die voorneme om nader aan My te kom, dus is die mens dan al op die terugweg na My van Wie hy eens vrywillig weggegaan het.

Nou is daar ‘n bewustelike strewe na volmaaktheid, want **die mens doen sy bes om in My Wil te lewe**, hy onderwerp homself aan My Wil en dit beteken ook dat sy wese hom steeds meer by My Oerwese aanpas, **dat hy weer geheel tot liefde verander,** omdat hy homself onafgebroke vir die straal van My Liefde open en **My Liefde wil ontvang**.

Elke weerstand in die wese word gebreek en daar staan niks meer in die weg van vereniging met My nie, **- hy gaan die volmaaktheid tegemoet**. En in hierdie toestand moet hy ook tot insig kom, **- die mens word dus ingewy in My ewige heilsplan**, hy sal weer deurdring tot die **diepste kennis**, waarin die wese hom in die allereerste begin bevind het en hy sal met hierdie kennis **sy medemens gelukkig kan maak** wat bereid is om dit aan te neem.

En so sal julle mense nou ook begryp dat so ‘n Lig, wat julle insig skenk oor julle begin, julle afval van My en julle hele ontwikkelingsgang weer omhoog na die afval van My, **slegs deur Myself in julle ontsteek kan word**, want Ek alleen ken alle geheime en slegs Ek kan vir julle die diepste wyshede ontsluit.

Ek Self is die Lig Wie julle aanstraal wanneer julle nou deur My binnegelei word in die Waarheid - en Ek Self weet waarlik in welke sterkte die ligstraal van My Liefde julle kan tref wat julle na volmaaktheid moet lei.

Maar julle kan jubel en juig omdat julle noual beskik oor ‘n **kennis wat My Liefde Self vir julle verskaf het**, julle kan sing en loof om van Myself ‘n geestelike rykdom te ontvang het, **wat My gees, Wie in julle sluimer, vir julle oorgebring het**.

My oneindige Liefde het julle ook toe gevolg toe julle julleself nog op die vêrste afstand van My bevind het - sonder ek-bewussyn, opgelos en deur eindelose kwellinge het julle omhoog geworstel.

Maar toe julle weer in die stadium van die ek-bewussyn was - as mens **gryp My Liefde julle vas en neem besit van julle**. ‘n Klein liefdesvonkie word julle bygevoeg wat nou met My in verbinding kan tree as dit julle wil is, wat as deeltjie van My in julle werksaam kan wees, sodra julle dit toelaat.

Maar hierdie liefdesvonk werk nie teen julle wil in nie, maar dat hy in julle is in die stadium as mens, gee julle ook die **waarborg**, dat julle julleself weer heeltemal met My kan verenig.

**En dit, My ‘Ek' in julle, skenk aan julle ‘n helder lig -** en onderrig julle in alle waarheid, sodra julle maar sy werksaamheid toelaat en dan sal julle steeds dieper binnedring in die waarheid, - die helderste insig word weer aan julle geskenk en julle kan nou ook self weer die lig uitstraal wat julle van binne verlig.

Julle word nou bewus dat die verbinding met My weer aangegaan is, omdat Ek andersins nie in julle sou kon werk nie, omdat Ek nie met dwang op die mens inwerk nie, **maar wag Op sy volledige vrywillige oorgawe**, totdat Ek Myself weer aan hom kan openbaar.

Dan egter het die geestelike kommunikasie plaasgevind, - in alle volheid deel Ek weer spys en drank aan julle uit as voedsel vir julle siele. Ek gee julle die brood van die hemele, die water van die lewe.

Ek sal jou aanspreek en My Woord sal in jou lewend word, jou siel sal haar voltooi en een wees met My vir tyd en ewigheid. Amein.